

'n Lied van vertroue

Psalm 23

As 'n vliegtuig deur digte mis vlieg of in 'n storm beland en dit is net donker wolke waar jy kyk, spring 'n mens nie uit nie. Jy bly sit en vertrou die vlieënier dat hy/sy weet wat hy/sy doen. Hoekom doen ons dit so moeilik met God?

Die Psalmdigter wéét van die donker klowe en die gevaar. Dit is deel van die lewe. Om elke hoek en draai word jy daarmee gekonfronteer. Jy kan nie regtig daarvan wegvlug nie. Soms is onself die oorsaak van daardie klowe; ons skep dit. Materialisme en individualisme wat onself geskep het, oorweldig ons en is vernietigend in ons verhouding tot God, mense en op die skepping. Dit is soos 'n diep donker kloof.

Die Psalmdigter begin met 'n aangrypende belydenis: Die Here is my herder; ek ly geen gebrek nie. In sy nadenke oor God en die lewe word alles vir hom teken van God se sorg. Sy herderstaf word 'n teken van God wat ook sy herder is en dit stel hom gerus. Die groen gras en dammetjie water word 'n rusplek. Die broodjie wat vir hom ingepak is, word 'n feesmaal saam met God voor die oë van sy teenstanders. Die olyfolie verfris hom en die koffiebekker laat hom net besef dat hy 'n oorvloedige lewe lei.

Dalk moet ons Psalm 23 meer gereeld lees wanneer ons deur die storms en diep donker klowe van die lewe moet gaan.



Sondag 22 Maart

'n Lied van vertroue

Ps 23

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek	Hannes Theron
09:30 Meditatief	Breda Ludik
09:30 Informeel	Danie O'Kennedy
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Hannes Theron
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Danie O'Kennedy

Bid saam met ons vir die volgende:

Johannes Esterhuizen (jnr) -
leukemia
Andrew King - gehospitaliseer
Helene Swart - kanker
Roenel Swart - ernstig siek

WiFi

Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - x=qupU7H

Deurkollekte: Pêrel Gemeenskapsontwikkeling

**Wintereredienstye
begin op Sondag 6 Mei**

Erediensvraelys

Ons is só passievol oor God dat ons saam met jou God se teenwoordigheid in die eredienste wil beleef. By die ingange en by Ontvangs is 'n vraelys oor die eredienste, dit is ook op die webblad beskikbaar. Vul dit asb. vir ons in en stuur dit na die kerkkantoor – dit gaan ons baie help t.o.v. die inkleding van ons eredienste.

RESTART – Databasis

'n Databasis wat op datum is vir 'n gemeente, eintlik enige organisasie, is van onskatbare waarde. So indien jy 'n oproep of e-pos vanaf die kerkkantoor kry om seker te maak of jou gegewens op ons databasis nog korrek is, wees asseblief behulpsaam.

Sondag 29 April

Joh 15:1-8

08:00 Meditatief	Hannes Theron
08:00 Klassiek	Danie O'Kennedy
09:30 Meditatief	Hannes Theron
09:30 Informeel	Breda Ludik
Geen Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Mike Burnard
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
Geen Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Breda Ludik

Wat gebeur die week:

Maandag 23 April

18:00 Uitreik Bestuur vergader
Uitreikkantoor

Dinsdag 24 April

06:00 Gesels en bid vir ons
land - Tent
17:30 Eredienswerkgroep -
Kapel

Donderdag 26 April

08:45 Bybelstudie - Kapel
17:30 DC, S&P, DC4K en GS
18:45 Kantory

Vrydag 27 April

Vryheidsdag

Maandag 30 April

Kerkkantoor sluit 13:00

Hemelvaart – Rede om fees te vier

Ons Pinksterweek is vanaf Sondag 6 Mei - Woensdag 9 Mei met elke aand 'n byeenkoms om 19:00 in die kerk. Ons sluit Pinksterweek af met 'n heerlike Hemelvaartfees op Donderdag 10 Mei. Vanaf die oggend 8:00 sal daar 'n program in die Kapel wees. Daar sal heeldag verversings in die Tent te koop wees sodat jy nog bietjie kan vertoef.

Die aand gaan ons 'n heerlike musiek en lofprysingsaand om 19:00 in die kerk hê. Ons wil dit somer 'n lekker feesgeleentheid maak waar ons voor en na die diens heerlik saamkuier. Ons wil dit graag doen met verskillende kostalietjies vanaf 17:00 en na die diens. Dis die ideale geleentheid vir individue en groepe wat iets wil verkoop ter aanvulling van die kerkkas fondse.

Elke stalletjie hoef net so vir 25-50+ mense voorsiening te maak, omdat daar 'n verskeidenheid eetware te koop gaan wees. Dit kan enigiets wees bv koeldrank, roosterkoek, pannekoek, vetkoek, *muffins*, *cupcakes* ens.

Kontak my so gou moontlik indien julle 'n kosstalletjie wil behartig, 'n skenking van enige aard wil maak of met die praktiese reëlings wil help.

Kom ons vat hande om van hierdie geleentheid 'n ware GEMEENTEFEEES te maak waar ons lekker saam kuier!

Kontakpersoon: Corneille Barnard - aanbidding@nghelder.co.za



RESTART - Tafelgesprekke

Ons het alreeds die week begin met ons tafelgesprekke. Die volgende tafelgesprek is op **Maandag, 23 April om 19:00**. Jy kan ook jou eie tafelgesprek reël met jou gesin, vriende, omgegroepe en wyk of enige ander groep. Hier is die drie vrae:

- Wat moet ons nuut begin doen?
- Wat kan ons beslis beter doen?
- Waarmee moet ons ophou?

Stuur asseblief jul voorstelle aan: restart@nghelder.co.za.

Jou inset is uiters waardevol. Word deel van die RESTART-proses.

Op pad met Jesus saam met BlinkBen

Kleuterpinkster 6 – 9 Mei

BlinkBen is 'n oulik karretjie wat tydens Pinkster saam met die kleuters op reis sal gaan. Sy doen en late dra só geestelike waarhede aan die kleuters oor. Sondagoggend, 6 Mei ontmoet die kleuters vir BlinkBen, maar sy hart is seer want hy is vuil en stukkend, Sondagaand lees ons wat BlinkBen nodig het om te kan ry.

Maandag tot Woensdag om 18:45 tot 20:00 leer ons meer oor die reëls en tekens wat BlinkBen moet volg. Die dinge wat BlinkBen langs die pad sien en beleef en die ander voertuie wat hy ontmoet, leer ons baie oor hoe 'n kind van God se lewensreis kan wees.

Die kinders ontvang Sondagaand, met die inskrywing 'n werksboekie waarin hulle vir die res van die Pinkstertyd elke dag se lesse se aktiwiteite in gaan doen. Die inksrywingsfooi van R60 per kind is vir die werksboekie en die res van die materiaal. Daar is ook 'n oulike liedjie wat die kinders gaan aanleer wat die ouers ook lekker sal kan saamsing.

Ons doen 'n beroep dat die ouers vir die Kleuterkerkspan en vir ons kleuters sal voorbedding doen. Mag dit vir ons kinders 'n wonderlike ervaring wees en mag die Heilige Gees kragtig onder ons kleuters werk.

Liefde in Jesus,
Kleuterkerkspan Navrae: lizl@nghelder.co.za

Lees ook op die volgende bladsy wat die graad 1-6'e gaan doen.



Op pad met Jesus saam met BlinkBen

Wanneer
6 Mei-9 Mei | 18:45 - 20:00

Wie **Waar**
3 - 6 jaar (koste R60) Kleuterkerk

Kom hoor hoe om elke dag op God se pad te stap



Bybelverspreiding benodig enige gebruikte Bybels vir hospitale en gevangenis. Skenkings kan by Ontvangs afgegee word vir aandag Marisa Viljoen.

God se extreme makeover plan

**Pinkster 2018: Graad 1 – 6
6 Mei – 9 Mei**

KidsXpress het die verhaal van Nehemia as basis gebruik om God se herstelplan vir die wêreld aan kinders te verduidelik. Vanjaar gedurende Pinkster gaan ons graad 1 tot 6 kinders leer hoe God aan elkeen wat deur sonde stukkend gebreek is, 'n *extreme makeover* ontvang wanneer ons in sy Seun, Jesus, glo. Hy roep ons om sy herstelplan aan die wêreld bekend te maak en so sy koninkryk, sy geestelike huis op aarde, al groter en groter te bou. God rus ons toe met geestelike gereedskap om sy plan uit te voer. Ons sien uit na die dag wanneer ons as't ware sal uitroep:

"Bus driver, move that bus!" en God se volmaakte nuwe wêreld sal sien.

Dit is vir ons 'n voorreg om vanjaar vir Santie Nel-Weidemann as aanbieder van die Jeug se Pinkster te hê. Santie was vir 7 jaar betrokke by ons Jeugbediening en het in 2012 'n beroep as predikant na Kimberley aanvaar.

Ons nooi alle graad 1 – 6 kinders uit om saam te kom kuier, hul gereedskap te kom kry om God se plan met hul lewe tot uitvoer te bring!

Navrae: lizl@nghelder.co.za

Vir die inrigting van ons "bou- en konstruksiepersee!" in die Jeugsentrum benodig ons allerhande items. As jy kan help hiermee gee asb. af by die kerkkantoor gemerk "Pinkster"

Ons soek:

Leë sementsakke, ou bouplanne, konstruksie-band (rooi en wit *tape*), werkersuniforms, *scaffolding*, gereedskapskis en bougereedskap.

Kom wees deel van

GOD SE
EXTREME
MAKEOVER
PLAN

Ons leer by NEHEMIA hoe om aan God se geestelike huis te bou.

Datum	Sondag 6 Mei - 9 Mei
Tyd	18:45 - 20:00
Waar	Jeugsentrum
Wie	Graad 1 - 6 (koste R60)

KOM ONS BOU!

KidsXpress



Pêrelprojek se dankie vir seëninge

Pêrelprojek is baie dankbaar teenoor ons Hemelse Vader vir almal wat gedurende die afgelope jaar dmv tyd, finansies, kundigheid en skenkings meeleving betoon het.

Ons sê ook dankie aan Alex en Alta Foster vir hul jarelange toewyding aan die projek. Hulle het afgetree en die werksaamhede by die kleuterskole einde 2017 oorgedra.

Die projek is geseënd met vrywilligers wat betrokke is in die gemeenskappe by Faure en Firgrove. Naskoolse aktiwiteite word aangebied aan skool-kinders en gesinne word ondersteun met behulp van 'n deeltydse maatskaplike werker. Drie crèches word bedryf deur personeel in samewerking met die projekspan en kleuterskool organiseerder.

Die toekomsdroom van Pêrelprojek om 'n veeldoelige gemeenskap-sentrum op te rig, begin 'n werklikheid word. 'n Nuwe kleuterskool sal deel van hierdie sentrum wees.

Ons verwelkom vrywilligers wat wil betrokke raak om die droom 'n werklikheid te laat word met die leiding van Bo. Bid saam met ons vir wysheid, insig en leiding van Bo. Ook vir fondse vir die nuwe gemeenskap-sentrum/kleuterskool



Kontak projekleier Maria Kirsten by
082 703 3742 of maria@jfkirsten.co.za
Kontak Koördineerder: Frederike van Schalkwyk by 076 177 6256 of
frederikevanschalkwyk@gmail.com

Sir Lowry's Pass Projek



Die Sir Lowry's Pass Projek se Saterdagsskool het op 10 Februarie 2018 by Sir Lowry's Pass Primêr afgeskop. Graad 6 en 7 –leerders kry elke tweede Saterdagoggend Wiskundeklasse by mev Shani Steyn (tutor) en Tian Groenewald (assistent-tutor). Die klasse fokus op die vaslegging van Wiskundekonsepte en probleemoplossing. Hulle speel ook Wiskundespeletjies wat die kinders baie geniet. Die 24 leerders wat al die klasse in die eerste kwartaal bygewoon het, is op 24 Maart 2018 beloon met 'n uitstappie na Gordonsbaai en 'n lekker Spur-ontbyt. Ons wil Gordonsbaai Spur hartlik wil bedank omdat hulle vir elke leerder 'n gratis koeldrank gegee het.

Ons is baie trots op hierdie leerders wat hard werk aan hul akademie.



Hoop Geloofsgemeenskap

PRETRAP GEHOU OP 14 APRIL 2018

Hoop Geloofsgemeenskap het ons eerste suksesvolle pretrap gehou op 14 April. Mensie het opgedaag om as gemeenskap deur al vier omliggende estates te ry: Sitari, Croydon Olive en Vineyard Estate asook Helderhof.

Herk wies is meer as net Sondag byeenkomste.
Herk wies is gemeenskap wies.



**Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede**

Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

**Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A.**

ABSA Helderberg Tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Kerkkantoorure

Weeksdae: 08:00 - 19:00

Vrydae: 08:00 - 13:00

Sondae: 08:30 - 11:30

Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Helderberg NG Gemeente

021 851 5582

www.nghelder.co.za

Leraarnoodnommer


083 988 2003

ontvangs@nghelder.co.za

Beradingsentrum:

Telefoon: 079 417 3863

berading@nghelder.co.za



PXMP14718



PXMP14718

Helderberg Gemeente

Helderberg Uitreik

Artikel 18A

Versorgingsfonds, ons is dankbaar vir ondersteuning

Gesinne in nood in ons gemeente word finansiell en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun.

Dankie vir getroue bydraes.



Helderberg Gemeente

Bankbesonderhede

Bank ABSA Somerset-Wes

Rek nr. 2900 590 094 - tjek

Rek naam NGK Helderberg

Takkode 632 005

Verwysing *Versorgingsfonds*